Die Voortrekkers

1 Mei 2017

Beste Polsslag Voortrekker en Ouer

INSAKE: POLSSLAG KOMMANDOKAMP 2017

Hiermee nooi Polsslag elke ontdekker, penkop, drawwertjie, verkenner, staatmaker, offisier, heemraads-lid, ouer en vriend uit na ons kommandokamp van 2017. Hierdie kamp is vir ieder en elk om saam met jou Voortrekkerfamilie te kom geniet.

KAMPDATUM: 25-27 Augustus 2017

PLEK: Masada Eco Farm
Sowat 26km noord-oos van Pretoria op die Dinokeng Reservaat
GPS Koördinate: 25.4974685 suid
28.4579141 oos
Google Maps: https://goo.gl/maps/GCaYTpBajzx

KOSTE: Jeuglede: R 550.00
Volwasse lede: R 590.00

VERVOER: Kampeerders is verantwoordelik vir eie vervoer na en van die kamp.

SPERDATUM: Alle inskrywing moet teen Dinsdag 15 Augustus 2017 gefinaliseer wees.

BETALINGS: Alle betalings moet gemaak word aan:

Polsslag Voortrekkers
ABSA Tjekrekening
Rekeningnommer: 600511262

POSBUS 14258
LYTTELTON
0140

navrae@polsslag.co.za
http://www.polsslag.co.za
https://www.facebook.com/PolsslagVoortrekkers
https://twitter.com/PolsslagVTKs

VOORTREKKERSAAL
GLOVERLAAN 264
LYTTELTON

Polsslag is deel van *Die Voortrekkerbeweging* (Maatskappyregistrasienommer: 021-962-NPO)

Takkode: 632 005

Verwysing: voorletter en van, lid se graad, en die kort kode KK. Bv. PRoux 2 KK

Hierdie beloof ‘n onvergeetlike kommandokamp van Polsslag Voortrekkers te wees. Die Tema is ”Kamp is lekker” en dit word gedoen om die families van kinders in die kommando te betrek en so ook ons Voortrekkerfamilie bymekaar te bring. Al die aktiwiteite word deur Masada Eco Farm aangebied en beloof om ieder en elk die heel naweek te vermaak. Kom kamp en ontspan saam met die kinders en offisiere en geniet die fasiliteite soos:

- Staproetes
- Hindernisbaan
- “Zip Lines”
- Klimmuur
- Swembad met 30m glybaan
- Dam/Rivier met vlotbou
- Saal met verhoog vir konserte
- Kampvuurarena
- Snoepie
- Braai-areas

Hierdie is beslis ’n Voortrekkergeleentheid wat jul nie kan misloop nie. Besoek gerus hul webtuiste vir meer inligting by: http://masadaecofarm.co.za/facilities/

Indien daar enige navrae is, kan dit gerig word aan Walter Leibbrandt by walterl@praxis.co.za.

Die reëlings soos inpaklyste en kampprogram sal nader aan die tyd beskikbaar gestel word.

VRYWARING: Die standaard vrywaring vir jeuglede en volwasse lede, van Die Voortrekkers, onderskeidelik is van toepassing op almal wat vir die kamp inskryf. Hierdie vrywarings kan gevind word by:

Jeuglede: http://www.polsslag.co.za/vrywaring-voog/

Volwassenes: http://www.polsslag.co.za/vrywaring-deur-volwassene/

Vriendelike Polsslaggroete
Walter Leibbrandt